NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN PORTEFEULJEKOMITEES VAN DIE SWARTLAND MUNISIPALE RAAD, GEHOU IN DIE MALMESBURY BANKETSAAL OP WOENSDAG, 8 OKTOBER 2014 OM 10:00

- ADMINISTRASIE EN FINANSIES -

TEENWOORDIG:

RAADSLEDE:

Voorsitter, rdl M van Zyl [Administrasie]
Voorsitter, Vakant [Finansies]
Ondervoorsitter, rdh N J A Rust

Abrahams, M Z	Goliath, M S I
Cleophas, J H	Humphreys, F S
Cloete, C M	Rangasamy, M
Cox-Bruintjies, Y S	Sedeman, A C
Geel, B W	Stemele, O M

Die Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen (in ex officio hoedanigheid)

BEAMPTES:

Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr K C Cooper
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr A J Botha
Bestuurder: Tegniese Dienste, mnr M J Swanepoel
Bestuurder: Beplanning, Boubeheer en Waardasies, mnr A M Zaayman
Bestuurder: Sekretariaat en Rekords, me N Brand

1. OPENING/VERLOF TOT AFWESIGHEID

Rdl A C Sedeman open die vergadering met gebed op versoek van die voorsitter.

Die komitee is voltallig.

Verlof tot afwesigheid word verleen aan die Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz.

2. NOTULES

2.1 NOTULE VAN 'N PORTEFEULJEKOMITEEVERGADERING (ADMINISTRASIE EN FINANSIES) GEHOU 3 SEPTEMBER 2014

BESLUIT
(op voorstel van rdh M S I Goliath, gesekondeer deur rdl M Z Abrahams)

Dat die notule van 'n Portefeuljekomiteevergadering (Administrasie en Finansies) gehou op 3 September 2014 as korrek bekragtig word.

3. AFVAARDIGINGS/VOORLEGGINGS/MEDEDELINGS

3.1 SKRYWES VAN DANK EN WAARDERING AAN MUNISIPALITEIT SWARTLAND

BESLUIT dat daar met dank kennis geneem word van die skrywes soos met die sakelys gesirkuleer.

3.2 SWARTLAND KLIËNTEDIENSOPNAME

Die Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche gee agtergrond aangaande die kliëntediensopname wat beplan word en versoek die Bestuurder: Strategiese Dienste, mnr L Fourie om die metodiek met betrekking tot die opname verder te verduidelik.

Mnr L Fourie verduidelik dat die program wat gebruik sal word bekend staan as, *Survey Monkey*, en brei uit oor die voordele van die program, onder andere dat die opname anoniem is en nie die persoon kan identifiseer wat die opname ingevul het nie. Daar moet wel 'n aanduiding gegee word op watter dorp die opname betrekking het om die diensleweringskwessies in die onderskeie dorpe te kan bepaal. 'n Verdere voordeel is dat die resultaat nie gemanipuleer kan word nie.

Die opname sal elektronies voltooi kan word, sowel as op 'n papierkopie waarvan vorms beskikbaar gestel sal word by al die biblioteke en thusong sentrums.

KENNIS GENEEM dat raadslede versoek word om behulpsaam te wees met die voltooiing van die opname en lede van die publiek sal aanmoedig om aan die opname deel te neem.

3.3 UITDEEL VAN VULLISSAKKE AAN DEERNISHUISHOUDINGS
[Soos meegedeel deur die Direkteur: Finansiële Dienste aan die einde van die vergadering.]

Die Direkteur: Finansiële Dienste, mnr K C Cooper deel die vergadering mee dat elke deernishuishouding met ingang van einde Oktober 2014 'n pak van vyf vullissakke maandeliks sal ontvang.

Die Departement: Finansiële Dienste sal die eerste uitdeel van die vullissakke teen einde Oktober hanteer, ten einde ook 'n sosio-ekonomiese opname by elke huis wat tans as 'n deernisgeval geïdentifiseer is, te doen. Vir die daaropvolgende maande sal deernishuishoudings verantwoordelik wees om maandeliks self die vullissakke by geïdentifiseerde plekke te gaan afhaal. Mnr Cooper verseker dat streng kontrole uitgeoefen sal word met die stelsels wat in plek gestel sal word.

Elke deernishuishouding sal voorsien word van 'n kennisgewing waarop die inligting deurgegee sal word.

VIR KENNISNAME

4. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES

Geen

5. GEDELEGEERDE SAKE

5.1 MAANDVERSLAE: AUGUSTUS 2014

5.1.1 MUNISIPALE BESTUURDER (7/1/2/2-7)
5.1.2 KORPORATIEWE DIENSTE (7/1/2/2-1)
5.1.3 FINANSIËLE DIENSTE (7/1/2/2-2)(5/7/1/1)

Die Direkteur: Finansiele Dienste behandel die maandverslag en verduidelik dat daar binnekort vyftig radio-afstandbeheerde watermeters geïnstalleer sal word op ontoeganklike erwe en dat die lesings oor 'n termyn van drie maande getoets sal word. Indien geen probleme ondervind word nie, sal hierdie tipe watermeters geïmplementeer word vir alle erwe wat nie toeganklik is vir die meterlesers nie.

BESLUIT
(op voorstel van rdl A C Sedeman, gesekondeer deur rdl O M Stemele)

(a) Dat kennis geneem word van die maandverslag van onderskeidelik die Munisipale Bestuurder, Direktoraat Korporatiewe Dienste en die Direk-

5.1/...

(b) toraat Finansiële Dienste vir die tydperk Augustus 2014, sowel as van die vordering met die SDBIP;

AANBEVEEL VERDER

(c) Dat daar kennis geneem word van die kommentaar van die Munisipale Bestuurder ten opsigte van die behoeftes en die inisiatiewe om sekere beplanningswerk op risiko te doen, en dat daar kennis geneem word dat die uitgawes in hierdie verband uit besparings (bedryf en kapitaal) gedoen sal word en dat die handelinge wat volvoer is, tydens die 2015-aansuiweringsbegroting reggestel sal word;

(d) Dat daar verneem is dat Saldanhabaai Munisipaliteit nie die R1,3 miljoen wat aan hulle beskikbaar gestel was om 'n rugby akademie te vestig, kon spandeer nie, en dat daar derhalwe opdrag aan die Munisipale Bestuurder gegee word –

(i) om vas te stel of dit wel so is; en
(ii) indien wel, om aansoek te doen by die Departement van Sport om te oorweeg om die fondse aan Swartland Munisipaliteit toe te ken ten einde die rugby akademie in die Swartland te vestig.

6. SAKE VIR AANBEVELINGS AAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER

Geen

- SIVIELE EN ELEKTRIESE DIENSTE -

TEENWOORDIG:

RAADSLEDE:

Voorsitter, rdl R F van der Westhuizen
Ondervoorsitter, rdl O M Stemele

Abrahams, M Z	Rust, N J A
Cleophas, J H	Van Zyl, M
Fortuin, C	Wilskut, W
Goliath, M S I	Zatu, N S

Die Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen (in ex officio hoedanigheid)

BEAMPTES:

Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr K C Cooper
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr A J Botha
Bestuurder: Tegniese Dienste, mnr M J Swanepoel
Bestuurder: Beplanning, Boubeheer en Waardasies, mnr A M Zaayman
Bestuurder: Sekretariaat en Rekords, me N Brand

1. OPENING/VERLOF TOT AFWESIGHEID

Die vergadering neem om 10:40 ‘n aanvang.

Verlof tot afwesigheid word verleen aan rdle C H Papers, B J Stanley, J I van der Merwe, sowel as die Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz en die Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit.

2. NOTULES

2.1 NOTULE VAN ‘N PORTEFEULJEKOMITEEVERGADERING (SIVIELE- EN ELEKTRIESE DIENSTE) GEHOU 3 SEPTEMBER 2014

BESLUIT
(op voorstel van rdl J H Cleophas, gesekondeer deur rdl M Z Abrahams)

Dat die notule van ‘n Portefeuljekomiteevergadering (Siviele- en Elektriese Dienste) gehou op 3 September as korrek bekragtig word.

3. VOORLEGGINGS/AFVAARDIGINGS/MEDEDELINGS

Geen

4. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES

Geen

5. GEDELEGEERDE SAKE

5.1 MAANDVERSLAE: AUGUSTUS 2014

5.1.1 SIVIELE INGENIEURSDIENSTE (7/1/2/2-4)
5.1.2 ELEKTRIESE INGENIEURSDIENSTE (7/1/2/2-6)

Die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste behandel die maandverslag van die Direktoraat Siviele Ingenieursdienste.

Besluit/...

5.1/...

BESLUIT
(op voorstel van rdl W Wilskut, gesekondeer deur rdl M Z Abrahams)

(a) Dat kennis geneem word van die maandverslag van onderskeidelik die Direktoraat Siviele Ingenieursdienste en die Direktoraat Elektriese Ingenieursdienste vir die tydperk Augustus 2014;

AANBEVEEL VERDER

(b) Dat – op versoek van rdl N S Zatu – die toetstand van Holomisastraat as toegang tot die Thusong Sentrum aandag sal geniet, aangesien dit bykans ontoeganklik is weens die slaggate daarin;

(c) Dat rdl C Fortuin versoek dat oorweging daaraan verleen word om slaggate meer effektief te herstel, aangesien die metode wat tans gebruik word nie volhoubaar is nie;

(d) Dat – op versoek van rdl C Fortuin – die opgradering van die Moorreesburg begrafplaas en behoefte aan toiletfasiliteite en toegang tot water by die begrafplaas vir toekomstige begrotings oorweeg word.

6. SAKE VIR AANBEVELINGS AAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER

Geen

(GET) R F VAN DER WESTHUIZEN
VOORSITTER

- ONTWIKKELING- EN BESKERMINGSDIENSTE -

TEENWOORDIG:

RAADSLEDE:

Voorsitter, rdl M van Zyl [Beskermingsdienste]
Voorsitter, rdl W Wilskut [Ontwikkelingsdienste]
Ondervoorsitter, rdl A C Sedeman

Geel, B W
Goliath, M S I
Rangasamy, M
Sneewe, A M
Van der Westhuizen, R F

Die Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen (in ex officio hoedanigheid)

BEAMPTES:

Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr K C Cooper
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr A J Botha
Bestuurder: Tegniese Dienste, mnr M J Swanepoel
Bestuurder: Beplanning, Boubeheer en Waardasies, mnr A M Zaayman
Bestuurder: Sekretariaat en Rekords, me N Brand

1. OPENING/VERLOF TOT AFWESIGHEID

Die vergadering neem om 10:50 ‘n aanvang.

Verlof tot afwesigheid word verleen aan rdle C H Papers, B J Stanley, J I van der Merwe, D B Philander, sowel as die Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz en die Direkteur: Ontwikkelingsdienste, mnr J T Steenkamp.

2. NOTULES

2.1 NOTULE VAN ‘N PORTEFEULJEKOMITEEVERGADERING (ONTWIKKELINGS- EN BESKERMINGSDIENSTE) GEHOU 3 SEPTEMBER 2014

BESLUIT
(op voorstel van rdl R F van der Westhuizen, gesekondeer deur rdh M S I Goliath)

Dat die notule van ‘n Portefeuljekomiteevergadering (Ontwikkeling- en Beskermingsdienste) gehou op 3 September 2014 as korrek bekragtig word.

3. VOORLEGGINGS/AFVAARDIGINGS/MEDEDELINGS

Geen

4. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES

Geen

5. GEDELEGEERDE SAKE

5.1 MAANDVERSLAE: AUGUSTUS 2014

5.1.1 BESKERMINGSDIENSTE (7/1/2/2-3)
5.1.2 VERKEER & WETSTOEPASSINGSDIENS (7/1/2/2-3)
5.1.3 BRANDBESTRYDING (7/1/2/2-3)

Die Direkteur: Beskermingsdienste gee terugvoering aangaande die optog wat op 7 Oktober 2014 plaasgevind het.

5.1/...

Daar was tussen 250 en 300 deelnemers aan die optog, waarvan almal afkomstig is vanaf die gedeelte grond wat onwettig beset word naby Chatsworth.

'n Petisie wat hoofsaaklik handel om dienste beskikbaar te stel op die grond is oorhandig aan die Uitvoerende Burgemeester en die Munisipale Bestuurder.

BESLUIT
(op voorstel van rdh M S I Goliath, gesekondeer deur rdl R F van der Westhuizen)

(a) Dat kennis geneem word van die maandverslag van die Direktoraat Beskermingsdienste vir die tydperk Augustus 2014;

AANBEVEEL VERDER

(b) Dat – op versoek van rdh M S I Goliath – ondersoek ingestel word om te bepaal of daar nog strukture is wat nie deur die kleinboere gebruik word nie, en dat dit dringend afgebreek sal word, om te verhoed dat addisionele diere aangehou word;

(c) Dat – op versoek van rdl A C Sedeman – die klagtes, soos reeds ingedien by mnr R Steyn van die Wetstoepassingsafdeling, aangaande die varkboerdery op munisipale grond op Abbotsdale opgevolg word vir terugvoering aan die Raad.

5.1.4 ONTWIKKELINGSDIENSTE (7/1/2/2-1)

BESLUIT
(op voorstel van rdl A C Sedeman, gesekondeer deur rdl M Rangasamy)

Dat kennis geneem word van die maandverslag van die Direktoraat Ontwikkelingsdienste vir die tydperk Augustus 2014.

6. SAKE VIR AANBEVELINGS AAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER

6.1 VOORGESTELDE HERSONERING, VERGUNNINGSGEBRUIK MET AFWYKING VAN ERF 98, KALBASKRAAL (15/3/3-6, 15/3/10-6) (WYK 7)

'n Aansoek is ontvang vir die hersonering van erf 98 (groot 2155m²), geleë tussen Calabash-, Sand-, Eikenhout- en Leeubekkiestraat, Kalbaskraal vanaf enkel-residensiële sone I na sakesone I ten einde 'n kantoor, werkswinkel en 'n saal vir sosiale geleenthede te bedryf, met gepaardgaande aansoeke om vergunningsgebruik en afwyking om die fasiliteite te vestig.

AANBEVELING [ondersteun deur wykskomitee van Wyk 7]
(op voorstel van rdl A C Sedeman, gesekondeer deur rdl M Rangasamy)

A Dat die aansoek vir die hersonering van erf 98 (groot 2155m²), geleë tussen Calabash-, Sand-, Eikenhout- en Leeubekkiestraat, Kalbaskraal ten einde 'n kantoor, werkswinkel en 'n saal vir sosiale geleenthede te bedryf, ingevolge artikel 16(1) van Ordonnansie 15 van 1985 goedgekeur word;

B Dat die aansoek vir 'n vergunningsgebruik vir 'n plek van samekoms en diensbedryf ten einde 'n saal vir sosiale geleenthede en 'n werkswinkel te bedryf, ingevolge artikel 7, Hoofstuk 14.4.2 van die Swartland Geïntegreerde Soneringskema Regulasies van Ordonnansie 15 van 1985, goedgekeur word;

C Dat die aansoek vir 'n afwyking ten einde af te wyk van die 3m syboulyne na ±2m (noordelike grens) en 0m (westelike grens) onderskeidelik, ingevolge artikel 15(1)(b) van Ordonnansie 15 van 1985 goedgekeur word;

D **Dat punte A, B en C hierbo onderhewig is aan die volgende voorwaardes:**

6.1/...

D1 STADSBEPLANNING EN BOUBEHEER

(a) dat die toepaslike bouplanne aan die Direkteur Ontwikkelingsdienste vir oorweging voorgelê word;

(b) dat die nodige aansoek vir die vertoning van ‘n advertensieteken by die Direkteur: Ontwikkelingsdienste gedoen word;

(c) dat die vergunningsgebruike vir ‘n plek van samekoms en diensbedryf beperk word tot die geboue soos voorgehou in hierdie aansoek;

(d) dat die aktiwiteite van die plek van samekoms en diensbedryf nie ‘n bron van steurnis vir die omliggende grondeenhede sal wees nie;

(e) dat die diensbedryf hoogstens 10 mense in diens het;

(f) dat die dakwater van die bestaande en voorgestelde geboue op erf 98 akkommodeer sal word;

(g) dat ten minste 30 op-perseel parkering voorsien word. Die parkeerplekke moet van ‘n permanente stofvrye oppervlakte hetsy teer, beton of plaveisel of ‘n materiaal vooraf goedgekeur deur Swartland Munisipaliteit voorsien word en dit moet duidelik gemerk word;

(h) dat daar by Swartland Munisipaliteit aansoek gedoen word vir ‘n handels-/vermaaklikheidslisensie indien enige voedsel vanaf die plek van samekoms verkoop gaan word, asook indien enige vermaaklikheidsaktiwiteite gaan plaasvind;

(i) dat daar by die Weskus Distriksmunisipaliteit aansoek vir ‘n geskiktheidsertifikaat gedoen word indien enige voedsel voorbereiding in die plek van samekoms gaan plaasvind;

(j) dat die eienaar hierdie munisipaliteit skriftelik in kennis stel wanneer daar uitvoering aan die voorwaardes gegee is;

(k) dat hierdie goedkeuring verval, indien daar nie binne ‘n tydperk van 2 jaar uitvoering gegee is nie.

(l) dat die beswaarmakers op hul reg tot appèl per geregistreerde pos gewys word;

D2 WATER

(a) dat daar van die bestaande wateraansluiting gebruik gemaak word en dat geen addisionele aansluitings voorsien sal word nie;

D3 RIOOL

(a) dat daar van die bestaande rioolaansluiting gebruik gemaak word en dat geen addisionele aansluitings voorsien sal word nie;

D4 VULLISVERWYDERING

(a) dat daar vir elke besigheid ‘n basiese vullisverwyderingstarief gehef word, wat aangepas sal word volgens die hoeveelheid vullis verwyder.

D5 ESKOM

(a) dat indien die voorgestelde aansoek veroorsaak dat enige Eskom dienste verskuif moet word sal die koste daaraan verbonde vir die rekening van die eienaar/ontwikkelaar wees;

(b) dat die oprigting van enige struktuur binne 9m van ‘n Eskom kraglyn verbode is;

(c) dat die eienaar/ontwikkelaar verantwoordelik is vir die kragtoevoer na die perseel;

E Dat die aansoek ondersteun word vir die volgende redes:

(a) die aansoek is versoenbaar met die Ruimtelike Ontwikkelingsraamwerk van Kalbaskraal;

(b) die geleentheid word gebied vir werkskepping vir die gemeenskap van Kalbaskraal;

(c) Kalbaskraal beskik tans oor beperkte fasiliteite wat as ‘n plek van samekoms kan funksioneer en met hierdie aansoek word hierdie tekortkoming aangevul.

6.2 VOORGESTELDE HERSONERING EN AFWYKING OP ERF 2934, DARLING (15/3/3-3) (WYK 6)

Die aansoek was in Oktober 2013 afgekeur, aangesien die voorgestelde huiswinkel as kleinhandelsaak (±43m²) die gebruik van die woonerf sou oorheers. 'n Aanbeveling is aan die eienaar gedoen om 'n aansoek vir hersonering in te dien.

Gevolglik word daar nou aansoek gedoen vir die hersonering van erf 2934 (groot 251m²), Darling vanaf enkelresidensiële sone 2 na sakesone 2 ten einde die bestaande winkel op die perseel te wettig, met gepaardgaande aansoek om afwyking.

AANBEVELING [ondersteun deur wykskomitee van wyk 6]
(op voorstel van rdl M Rangasamy, gesekondeer deur rdl M van Zyl)

A Dat die aansoek om hersonering van erf 2943 (groot 251m²), Darling vanaf enkelresidensiële sone 2 na sakesone 2 ten einde 'n winkel te bedryf, ingevolge artikel 16(1) van Ordonnansie 15 van 1985 goedgekeur word, onderhewig aan die volgende voorwaardes:

A1 STADSBEPLANNING EN BOUBEHEER

(a) dat bouplanne aan die Direkteur: Ontwikkelingsdienste vir oorweging voorgelê word;
(b) dat aansoek by Swartland Munisipaliteit vir 'n handelslisensie gedoen word;
(c) dat aansoek by die Weskus Distriksmunisipaliteit vir 'n geskiktheidsertifikaat gedoen word;
(d) dat geen gedeelte van die winkel vir bewoningsdoeleindes gebruik mag word nie;
(e) dat die beswaarmakers op hul reg tot appèl per geregistreerde pos gewys word;

A2 WATER

(a) dat daar van die bestaande wateraansluiting gebruik gemaak word en dat geen addisionele aansluitings voorsien sal word nie;

A3 RIOOL

(a) dat daar van die bestaande rioolaansluiting gebruik gemaak word en dat geen addisionele aansluiting voorsien sal word nie;

A4 VULLISVERWYDERING

(a) dat die basiese vullisverwyderingstarief vir die erf gehef word vir die besigheid;
(b) dat die tarief in die geval van die besigheid aangepas word volgens die hoeveelheid vullis verwyder
(c) dat die vullis in swartsakke op die naaste munisipale sypaadjie op oggend van verwydering geplaas word.

B Dat die aansoek om afwyking van die voorgeskrewe 3m syboulyne van toepassing op die voorgestelde sonering na onderskeidelik, ±2m (noordelike grens), ±1m (suidelike grens) ingevolge artikel 15(1)(b) van Ordonnasie 15 van 1985, goedgekeur word;

C Dat die aansoek om afwyking van die voorgeskrewe hoeveelheid op perseel parkering van toepassing op die voorgestelde sonering, ingevolge artikel 15(1)(b) van Ordonnasie 15 van 1985, goedgekeur word onderhewig aan die volgende voorwaarde:

(a) dat ten minste 4 gedeeltelike op-perseel parkeerplekke voorsien word. Hierdie parkeerplekke moet voorsien word met 'n permanente stofvrye oppervlakte hetsy teer, beton of plaveisel of 'n materiaal vooraf goedgekeur deur Swartland Munisipaliteit en moet duidelik uitgemerk word;

D Dat die voorgestelde hersonering en afwyking word vir die volgende redes ondersteun:

6.2(D)/...

(a) daar is fisies geen beperkings wat die voorgestelde aansoek negatief sal beïnvloed nie;
(b) daar is geen beperkings teen die titleakte van die eiendom geregistreer wat die aansoek negatief beïnvloed nie;
(c) alle dienste en toegange is bestaande;
(d) erf 2934 is geleë langs 'n geïdentifiseerde aktiwiteitstraat;
(e) gemengde gebruike word ingevolge die ruimtelike beplanning van die gebied langs aktiwiteitstrate ondersteun.

6.3 VOORGESTELDE HERSONERING VAN GEDEELTE 3 VAN DIE PLAAS DIEPKLOOF, NO. 599, AFDELING MALMESBURY (15/3/3-15) (WYK 4)

'n Aansoek is ontvang vanaf CK Rumboll en Vennote, namens *Mother City Skydiving*, vir die hersonering van 'n gedeelte van gedeelte 3 van die plaas Diepkloof no. 599 (groot ±8,31ha), geleë ±12km noord van Malmesbury vanaf vervoersone I na oopruimte sone 2 ten einde 'n valskermspring operasie te bedryf.

AANBEVELING
(op voorstel van rdl A C Sedeman, gesekondeer deur rdh M S I Goliath)

A Dat die aansoek vir die hersonering van 'n gedeelte van gedeelte 3 van die plaas Diepkloof no. 599 (groot ±8,31ha), Afdeling Malmesbury vanaf vervoersone 1 na oopruimte sone 2, ten einde 'n valskermspring operasie te bedryf, ingevolge artikel 16(1) van Ordonnansie 15 van 1985 goedgekeur word, onderhewig aan die volgende voorwaardes:

A1 STADSBEPLANNING EN BOUBEHEER

(a) dat die oopruimte sone 2 sonering beperk word tot ±8,31ha soos voorgehou in hierdie aansoek;
(b) dat daar aan alle toepaslike wetgewing wat verband hou met valskermspring, voldoen word. Afskrifte van registrasies en sertifkate hiervan moet aan hierdie munisipaliteit voorsien word alvorens enige valskermspring aktiwiteite plaasvind;
(c) dat 'n reg-van-weg serwituut op gedeelte 1 van plaas no 599, Afdeling Malmesbury geregistreer word ten gunste van gedeelte 3 van plaas no. 599, Afdeling Malmesbury vanaf die N7;
(d) dat voldoende op-perseel parkering vir besoekers voorsien word;

A2 WATER
(a) dat geen munisipale drinkwater voorsien kan word nie;

A3 RIOOL
(a) dat riooldienste slegs vir huishoudelike riool deur middel van 'n suigtenkvragmotor voorsien kan word;

A4 VULLISVERWYDERING
(a) dat daar skriftelik aansoek gedoen word by Swartland Munisipaliteit indien daar gebruik gemaak gaan word van enige van die stortingsterreine binne die Swartland munisipale area;

A5 DEPARTEMENT WATERWESE
(a) dat geen besoedeling van bo- of ondergrondse waterbronne plaasvind as gevolg van die aktiwiteite op die perseel nie;
(b) dat geen onttrekking van bo- of ondergrondse water mag plaasvind sonder dat vooraf goedkeuring van die Departement Waterwese verkry is nie, tensy dit 'n skedule 1 gebruik of bestaande wettige gebruik is;
(c) dat die voorgestelde hersonering geen negatiewe impak op enige watergeleiding, waterbron of die omliggende omgewing of enige stroom-af water gebruikers het nie;
(d) dat alle voorskrifte van die Nasionale Waterwet, 1998 (Wet 36 van 1998) ten alle tye nagekom word.

6.4 GRONDWET VAN DIE FONTEINE VILLAGE AFTREE-OORD (KLIPFONTEIN), MALMESBURY (15/3/6-8) (WYK 12)

Die grondgebruiksregte vir die Klipfontein-ontwikkeling is finaal op 13 Desember 2012 goedgekeur. Daar bestaan tans nie 'n argitektoniese ontwerpshandleiding vir die aftree-oord nie.

Die grondwet van die *Fonteine Village* aftree-oord is ontvang en deur die Afdeling: Beplanning nagegaan.

AANBEVELING [ondersteun deur wykskomitee van wyk 12]
(op voorstel van rdl M van Zyl, gesekondeer deur rdl R F van der Westhuizen)

Dat die Raad die grondwet van die "Fonteine Village" aftree-oord (Klipfontein) Malmesbury, ingevolge artikel 29 van Ordonnansie 15 van 1985 goedkeur.

6.5 VOORGESTELDE ONDERVERDELING VAN ERF 1741, YZERFONTEIN (15/3/6-14) (WYK 5)
[Die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr A J Botha verlaat die lokaal, aangesien mnr Botha 'n aanliggende grondeienaar tot die onderverdeling is.]

'n Aansoek is ontvang vanaf die eienaar, *Janetta Smith*, vir die onderverdeling van erf 1741 (groot 1033m²), geleë te Sundownersingel, Yzerfontein in 'n restant (±516m²) en gedeelte A (±517m²).

Rdl J H Cleophas, met die toestemming van die voorsitter, handig kommentaar in wat ontvang is vanaf die wykskomitee van Wyk 5.

BESLUIT[1]
(op voorstel van rdl M Rangasamy, gesekondeer deur rdl R F van der Westhuizen)

Dat kennis geneem word van die inhandiging van die kommentaar ontvang vanaf die wykskomitee van Wyk 5, en dat die item terug verwys word vir oorweging deur die Uitvoerende Burgemeesterskomitee.

(GET) M VAN ZYL
VOORSITTER: BESKERMINGSDIENSTE

(GET) W WILSKUT
VOORSITTER: ONTWIKKELINGSDIENSTE

[1] Sien item 7.14 van UBK-notule gedateer 15 Oktober 2014